



Belastingombud se  
**SAMESTELLING VAN  
BELASTINGPLIGTIGES  
SE REGTE EN  
VERPLIGTINGE  
2022**



---

# INHOUD

<b>INLEIDING</b>	<b>2</b>
<b>A. JOU REGTE AS BELASTINGPLIGTIGE</b>	<b>3</b>
1. JY HET DIE REG TOT TOEGANG TOT INLIGTING	3
2. JY HET DIE REG OM KWALITEIT DIENSLEWERING BETYDS VAN SARS TE ONTVANG	4
3. JY HET DIE REG TOT 'N REGVERDIGE, ONPARTYDIGE EN REGMATIGE BELASTINGSTELSEL	5
4. JY HOEF NIE MEER AS DIE KORREKTE BEDRAG BELASTING, VERSKULDIG AAN SARS, TE BETAAL NIE	6
5. JOU REG TOT PRIVAATHEID EN VERTROUOLIKHEID	7
6. DIE REG TOT VERTEENWOORDIGING	8
7. JY HET DIE REG OP FINALITEIT	9
8. JY HET DIE REG OM SEKERE VERSOEKE/VOORSTELLE/AANSOEKE AAN SARS TE RIG	10
9. JY IS DAAROP GEREKTIG OM TE KLA SONDER VREES VIR VIKTIMISERING	11
10. JY HET DIE REG OM AANSLAE/BESLUIE TE DISPUTEER/UIT TE DAAG	12
<b>B. JOU VERPLIGTINGE AS BELASTINGPLIGTIGE</b>	<b>13</b>
<b>GEVOLGTREKKING</b>	<b>15</b>

---

# INLEIDING

Die pos van die belastingombud is geskep om “...’n balans te bewerkstellig tussen SARS se magte en pligte en belastingpligtiges se verpligtinge, omwerkings en regte”.<sup>1</sup> Om hierdie rede, poog hierdie dokument om inligting aan belastingpligtiges te verskaf oor wat hulle regte en verpligtinge is ten opsigte van hul belasting sake en interaksies met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Kantoor van die Belastingombud (KBO).

Dit is nie ‘n afdwingbare “wetsontwerp” nie, maar slegs ‘n samestelling van beginsels wat opgevat is in verskeie dokumente, insluitend die grondwet, belastingwetgewing en ander regeringsdokumente. Enige van die regte waarna hierin verwys word, mag aan uitsonderings onderhewig wees en mag beperk wees tot die omvang soos deur die wet toegelaat.

Hierdie dokument sluit in verwysings na bepaalde afdelings van die Wet op Belastingadministrasie, 28 van 2011 (TAA) en die reëls<sup>2</sup> wat hierdie regte aan belastingpligtiges oordra, asook ‘n opsomming oor wat hierdie regte is.<sup>3</sup> Die toepaslike afdelings word in die voetnotas uiteengesit vir maklike verwysing. Neem asseblief kennis dat hierdie nie as ‘n allesomvattende lys voorgename is nie, maar ‘n vinnige verwysing na die afdelings wat mees belangrik is, gebaseer op die KBO se ondervinding.

Hierdie dokument vervang, oortref of oorheers geen wetgewing, gemenereg beginsels of prosedures ten opsigte van belastingadministrasie nie, en belastingpligtiges word aangeraai om bekwame hulp te kry indien hulle hul regte wil afdwing. Dit is gewis dat die afdwinging van ‘n persoon se regte gereeld duur hofaksie verg.

1. Toeligtingsmemorandum tot die Wysigingswet oor Belastingwette, 2011, uitgereik deur die Nasionale Tesourie op 27 Januarie 2012.
2. Die reëls oor dispuutoplossing wat die prosedure voor die belastingraad of die belastinghof beheer, soos bekendgemaak ingevolge artikel 103 van die TAA, GN550 in GG37819 van Julie 2014.
3. Artikel 2 van die TAA.

---

# A. JOU REGTE AS BELASTINGPLIGTIGE

## 1. Jy het die reg tot toegang tot inligting

- Jy het die reg om te weet wat jy moet doen om aan die belastingwette te voldoen.
- Jy is geregtig op inligting in SARS se besit, wat verband hou met jou belastingsake, maar hou in gedagte dat sommige versoeke vir inligting 'n aansoek vereis ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, en SARS mag so 'n versoek weier indien dit verband hou met SARS se vertroulike inligting.<sup>4</sup>
- Jy het die reg om ingelig te word van SARS se besluite en om duidelike verduidelikings vir sodanige besluite of uitslae te ontvang, maar hou in gedagte dat enige kwessies ten opsigte van besluite deur SARS, aansoeke mag vereis ingevolge die Wet op Administratiewe Geregtigheid.<sup>5</sup>
- Jy het die reg om volledige en akkurate inligting te ontvang oor dienste deur SARS en die belastingombud gelewer, wat beskikbaar gemaak word by wyse van verskeie bronne, insluitend die onderskeie webtuistes, takkantore en kontaksentrums.<sup>6</sup>
- Jy het die reg om ingelig te word oor wat die vlakke en kwaliteit van sodanige dienste behoort te wees.<sup>7</sup>

4. Artikel 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika; Artikels 25(1), 42(1), 42, 48, 60(2), 61(1) & (4), 65, 73, 96, 106(5), 131, 162, 163(5), 164(6), 165, 172(1), 214(1) van die TAA; asook reël 6 en reël 7.

5. Artikels 68 en 73 van die TAA en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2 van 2000

6. Artikel 33 van die grondwet, in samelesing met die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 3 van 2000.

7. Die vyfde beginsel van Batho Pele, soos opgevat in die Witskrif op die Transformasie van Openbare Dienslewering GG 18340, GN 1459 of 1997; Dienshandves - sars.gov.za

---

## 2. Jy het die reg om kwaliteit dienslewering betyds van SARS te ontvang<sup>8</sup>

Jy is geregtig op spoedige, hoflike en professionele hulp tydens jou handelinge met SARS, om mee gepraat te word op 'n manier wat maklik verstaanbaar is, om duidelike en maklik-verstaanbare kommunikasie te ontvang, en om onvoldoende dienslewering aan te gee.

Praktiese voorbeelde sluit byvoorbeeld in dat belastingpligtiges:

- In kennis gestel moet word wanneer hul vir oudit of verifiëring uitgewys is;
- Op datum gehou moet word van vordering van sodanige oudit;
- In kennis gestel moet word van die uitslag van 'n beswaar, binne 60 dae vanaf lewering van 'n geldige beswaar aan SARS; en
- In kennis gestel moet word, binne 30 dae, na die aanhangig making van 'n geldige appèl indien die dispuut geskik is vir alternatiewe dispuutoplossing.

8. Artikel 195(1)(d) van die grondwet, artikels 22, 23, 25(5), 114, 115(1), 131, 166, 187(1), 256(2) van die TAA, reël 9, reël 13(1), asook die vierde en sewende beginsels van Batho Pele soos opgevat in die Witskrif op Transformasie van Openbare Dienslewering GG 18340, kennisgewing 1459 of 1997.

---

### **3. Jy het die reg to 'n regverdige, onpartydige en regmatige belastingstelsel<sup>9</sup>**

- Jy is geregtig op konsekwente, regverdige en objektiewe toepassing van die bepalings van die belastingwetgewing. Enige beperking tot 'n belastingpligtige se regte, soos uiteengesit in hierdie dokument, mag slegs toegelaat word indien bepaalde wetgewende bepalings daarvoor voorsiening maak. 'n SARS-beampte wat besluite neem oor jou belasting sake, moet dit uitvoer sonder belangekonflik wat tot vooroordeel kan lei.
- Jy het die reg om 'n hof of enige ander forum, met die toepaslike regsgebied, te nader om jou regte af te dwing.
- Belastingpligtiges het byvoorbeeld die reg om:
  - Enige administratiewe aksie deur SARS, wat hul regte nadelig affekteer, te laat hersien ingevolge die bepalings uiteengesit in die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.
  - Aansoeke te rig aan die belastinghof, om SARS te dwing om die dispuutoplossingsreëls na te kom.

9. Artikels 33, 34 en 38 van die grondwet; artikels 2(b), 7, 8(3), 10, 11, 41(3), 44, 45(2), 47, 49(3), 55, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 101-150, 163(2)(a) & (b), 164(2), 164(6), 167, 168, 172, 174, 176, 177(3), 179-184, 179(2), 185, 186, 187(1), 188-189, 191(2), 200-205, 210, 211, 212, 213, 215(2), 218, 222, 223(1), 229, 232, 236, 237, 240, 256(2) van die TAA en die dispuutoplossingsreëls in totaliteit.

---

## **4. Jy hoef nie meer te betaal as die korrekte bedrag belasting aan SARS verskuldig nie<sup>10</sup>**

- Jy het die reg om slegs die bedrag te betaal wat wetlik verskuldig is, insluitend rente en boetes. Enige bedrag wat te veel deur jou betaal is, of te veel deur SARS van jou ingevorder is, moet terugbetaal word.
- Die Suid-Afrikaanse belastingstelsel werk op ‘n “betaal nou, stry later” beginsel, wat beteken dat, selfs al disputeer jy die aanslag wat die skuld geskep het, jy dit eers moet betaal. Jy is egter daarop geregtig om ‘n versoek aan SARS te rig om jou verpligting, om die verskuldige bedrag te betaal, kwyt te skel totdat die dispuutoplossingprosedure gefinaliseer is. SARS mag geen invorderingstappe neem, vanaf die datum wat sodanige versoek ingedien is, tot 10 dae nadat jy ingelig is dat die versoek óf afgekeur is óf dat ‘n vorige goedgekeurde versoek teruggetrek is nie.<sup>11</sup>
- Jy het die reg om in kennis gestel te word van ‘n belastingskuld en SARS se voorneme om ‘n siviele beslissing te bekom of om ‘n derdeparty aan te stel om die skuld in te vorder.<sup>12</sup>
- Jy het die reg om ‘n versoek aan SARS te rig om ‘n reëling te tref om jou belastingskuld in paaiemente af te betaal, of om ‘n aanbod te maak om ‘n laer bedrag te betaal as wat verskuldig is.<sup>13</sup>

10. Artikels 93, 98, 164, 166, 169, 177, 179-184, 187(1), 190(1), 191(2), 210, 211, 211, 222, 223(1) van die TAA.

11. Artikel 164(6) van die TAA.

12. Artikels 172 en 179 van die TAA.

13. Artikels 167-168; en artikels 200-207 van die TAA.

---

## 5. Jou reg tot privaatheid en vertroulikheid<sup>14</sup>

- Belastingpligtiges het die reg om te verwag dat enige SARS navraag, ondersoek of wetstoepassingsaksie aan die wet voldoen. Sodanige aksie moenie meer indringend wees as nodig nie en moet prosesueel regverdig wees.
- Jy het die reg om te verwag dat enige inligting wat jy aan SARS en die belastingombud verskaf, nie bekendgemaak sal word tensy dit deur jou gemagtig is of ingevolge die gereg toelaatbaar is nie.
- Neem asseblief kennis dat SARS inligting met betrekking tot jou belastingsake van derdepartye soos banke en werkgewers mag bekom.<sup>15</sup>
- Jy het die reg om 'n kriminele klagte te lê teen enige SARS- of belastingombudwerknemer, of enige een wat jou inligting onregmatig gebruik of bekendmaak in oortreding van die TAA.

14. Artikels 21, 40-66, 67-72, 115(2)124(1), 132, 236 van die TAA en die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013.

15. Artikel 46 van die TAA.



---

## 6. Jou reg op verteenwoordiging<sup>16</sup>

Jy het die reg om die dienste van 'n verteenwoordiger in te win om jou met jou belastingsake en handeling met SARS te help.

Neem kennis dat, in die geval van 'n belastingraadverhoor, 'n belastingpligtige toestemming van die voorsitter moet versoek om verteenwoordig te word.<sup>17</sup>

16. Artikels 25(3), 52(3), 103, 113(8) van die TAA.

17. Artikel 113(8) van die TAA.

---

## **7. Jy het die reg tot finaliteit<sup>18</sup>**

Dit is jou reg dat 'n oudit, ondersoek, dispuut of skuldinvorderingstappe binne 'n redelike tydperk tot finaliteit gebring word.

18. Artikels 29(3), 32, 93, 98, 99, 100, 148, 171, 176(3), 197, 198, 232 van die TAA.

---

## **8. Jy het die reg om bepaalde versoeke/ voorstelle/aansoeke aan SARS te rig<sup>19</sup>**

Die bepaling van belastingwetgewing wat bepaalde reddingsmiddels aan belastingpligtiges toestaan, is nie outomaties van toepassing nie. In sodanige gevalle, het jy die reg om te versoek dat 'n bepaalde reddingsmiddel op jou saak toegepas word.

Voorbeelde van versoeke/aansoeke wat 'n belastingpligtige aan SARS mag rig, sluit in:

- Uitstelling om dokumente in te dien wat deur SARS versoek is;
- Gevorderde uitsprake of niebindende opinies;
- Redes vir 'n aanslag;
- Dat 'n besluit deur SARS, wat nie aan beswaar of appèl onderhewig is nie, teruggetrek word;
- Dat 'n aanslag verminder word;
- Verlenging van die tydperk om besware of appèlle in te dien;
- Om 'n voorstel te rig ter skikking van 'n dispuut;
- Die onttrekking van 'n belastingraadvoorsitter; en
- Dat bepaalde boetes en rente kwytgeskel word.

19. Artikels 46(5), 75-90, 93, 95, 98, 104(5), 107(2), 111(7), 113(8), 113(11), 118, 122(2), 130, 142-150, 164(2), 165, 167, 187(6) & (7)200, 215(1), 223(3), 226, 256(1) van die TAA en reël 6.

---

## 9. Jy het die reg om 'n klagte te lê sonder vrees vir viktimisering<sup>20</sup>

- Jy het die reg om te kla.
- Jy mag nie geintimideer word om 'n klagte nie te lê nie of om 'n klagte terug te trek nie.
- Jy mag nie geviktimizeer word vir die lê van 'n klagte by SARS se interne klagteskantoor of by die belastingombud nie.
- Belastingpligtiges is daarop geregtig dat hul klagtes spoedig geregistreer en opgelos word deur SARS se klagtebestuurskantoor (CMO), binne 'n maksimum van 21 werksdae vandat die klagte aanhangig gemaak is by wyse van die SARS CMO te skakel by **0860 12 12 16**. Sou belastingpligtiges steeds nie tevrede wees met SARS se uitslag nie, mag belastingpligtiges die belastingombud se klagteproses volg deur die klagtevorm af te laai vanaf [www.taxombud.gov.za](http://www.taxombud.gov.za).

Die vorm kan ook per e-pos versoek word vanaf [complaints@taxombud.gov.za](mailto:complaints@taxombud.gov.za) of telefonies by **0800 662 837**.

20. Artikels 16 - 18 van die TAA en die sewende beginsel van die Batho Pele soos opgevat in die Witskrif op Transformasie van Openbare Dienslewering GG 18340, kennisgewing 1459 van 1997.

---

## **10. Jy het die reg om aanslae/besluite te disputeer/uit te daag<sup>21</sup>**

Jy het die reg om enige aanslag of besluit, wat aan beswaar of appèl onderhewig is, te disputeer binne die voorgeskrewe bepalings en reëls van die dispuutoplossingsproses.

Jy het die reg om enige administratiewe aksie wat jou regte nadelig affekteer, te laat hersien ingevolge die bepalings soos uiteengesit in die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.

21. Artikels 103, 104, 107, 177(3), 190(6), 220, 224 van die TAA.

---

## B. JOU VERPLIGTINGE AS BELASTINGPLIGTIGE<sup>22</sup>

- Elke persoon word vereis om te werk, na die beste van hul vermoëns en bevoegdheid, en om die belastings te betaal soos deur die wet vereis.<sup>23</sup>
- As belastingpligtige, is dit jou verantwoordelikheid om seker te maak dat jy bewus is van jou verpligtinge, en indien jy onseker is oor enige aspek, of indien jou belastingsake gekompliseerd is, moet jy die toepaslike advies inwin.
- Jy moet as belastingpligtige registreer sodra dit so vereis word.<sup>24</sup>
- Jy moet eerlik en akkuraat wees in jou handeling met SARS en die belastingombud.
- Jy moet al die voorgeskrewe belastingprosesse en tydsraamwerke ten opsigte van jou belastingsake nakom.<sup>25</sup>
- In besonder, moet jy volledige en ware belastingopgawes indien en belastings betaal wanneer so vereis.<sup>26</sup>
- Jy moet dokumente indien wat SARS versoek, in die formaat, op die plek en binne die tydperk soos in die versoek vermeld.<sup>27</sup>
- Jy moet SARS binne 21 dae in kennis stel van enige verandering aan jou geregistreerde besonderhede of

22. Uittreksels uit die SARS-dienshandves.

23. Artikel 29 van die Afrika Handves vir Menseregte, ingestel op 27 Junie 1981, OAU Doc. CAB/LEG/67/3 rev. 5, 21 I.L.M. 58 (1982), in werking gestel op 21 Oktober 1986 en bekragtig deur Suid-Afrika.

24. Artikels 22 - 24 van die TAA.

25. Hoofstukke 3: Registrasie, 4. Opgawes en Rekords, 5. Inligting Insameling, 9: Dispuutoplossing, 10: Belastingaanspreeklikheid en -betaling, en 11: Verhaling van Belasting, van die TAA is van besondere belang.

26. Artikels 25 - 28; en 162 van die TAA.

27. Artikel 46(4) van die TAA.

---

bankbesonderhede.<sup>28</sup>

- Jy moet alle dokumente en rekords in verband met jou belastingverklarings bewaar vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum wat jou opgawe ingedien is. Dit is belangrik om te verstaan dat die vyfjaartydperk eers begin op die dag wat jou opgawe ingedien is.<sup>29</sup>
- Indien jy nie vereis is om 'n opgawe in te dien nie, moet jy alle dokumente en rekords bewaar vir vyf jaar vanaf die einde van die belastingtydperk waarmee sodanige dokumente verband hou.<sup>30</sup>
- Korporatiewe belastingpligtiges moet te alle tye verseker dat hulle verteenwoordig word deur 'n openbare beampte wat in Suid-Afrika woonagtig is.<sup>31</sup>

28. Artikel 23 van die TAA.

29. Artikel 29 van die TAA.

30. Artikel 29 van die TAA.

31. Artikel 246 van die TAA.

---

# GEVOLGTREKKING

Die hoeksteen van 'n regverdige, regmatige belastingadministrasiesistelsel is 'n gesonde balans tussen die magte en pligte van die inkomste-owerheid aan die een kant, en die belastingpligtige se regte en verpligtinge aan die ander kant. Hierdie dokument het ten doel om by te dra tot sodanige balans deur te dien as 'n enkele, saamgewerkte verwysingsbron oor regte en verpligtinge van Suid-Afrikaanse belastingpligtiges. Dit is die eerste dokument van sy soort in Suid-Afrika en die hoop is dat dit Suid-Afrikaners daadwerklik sal dien deur by te dra jeens 'n regverdige en maksimum belastinginvordering.

## **Copyright Notice and Disclaimer**

The information provided in this document is protected by applicable intellectual property laws and may not be copied, distributed or modified for any purpose without the explicit consent of the Tax Ombud. The information was correct at the time of publication but may have subsequently changed. This document is for information purposes only and cannot be considered to be a legal reference. The use of this information by any person shall be entirely at that person's discretion. The Office of the Tax Ombud does not expressly or by implication represent, recommend or propose that services referred to in this document are appropriate to the needs of any particular person. The Tax Ombud does not accept any liability due to any loss, damages, costs and expenses, which may be sustained or incurred directly or indirectly as a result of any error or omission contained in this document. The information does not supersede any legislation and readers who are in doubt regarding any aspect of the information displayed in the document should refer to the relevant legislation, or seek a formal opinion from a suitably qualified individual.





OFFICE OF THE  
**TAX OMBUD**

*Ensuring fairness*

## The Office of the Tax Ombud

E-posadres: [complaints@taxombud.gov.za](mailto:complaints@taxombud.gov.za)

Tel: 0800 662 837 (toll-free) or (+27) 12 431-9105

Faks: (+ 27) 12- 452-5013

Fisiese adres      Posadres

Menlyn Corner, 2nd Floor,  
87 Frikkie de Beer Str,  
Menlyn,  
Pretoria

PO Box 12314,  
Hatfield,  
0028